



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

INTERMEDIÈRE FASE

GRAAD 6

NOVEMBER 2017

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 40

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 8 bladsye.

AFDELING A: LEES EN KYK**ASSESSERINGSRIGLYNE**

1. Geen penalisering van spel- en taalfoute nie omdat die fokus op begrip is tensy anders aangedui.
2. Vir vroe wat aanhalings uit die leesstuk vereis, word **nie gepeenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
3. Vir meervoudige-keuse vroe word **BEIDE** die letter aanvaar **EN** die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.
4. Indien eenwoord antwoorde vereis word en die leerder 'n volsin skryf, word die punt slegs toegeken as die korrekte woord onderstreep of in kleur geskryf is sodat dit uitstaan. Anders word geen punt toegeken nie.
5. Indien leerder meer antwoorde gee as wat vereis word, bv. drie woorde wanneer slegs twee gevra word, word slegs die eerste twee gemerk.
6. Indien leerder woorde vanuit 'n ander taal as Afrikaans gebruik in die antwoord, word hierdie woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder hierdie woorde sin maak, word die leerder nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, moet dit aanvaar word.
7. Geen "negatiewe" nasien nie.
8. Indien 'n **WAAR / ONWAAR** of **JA / NEE** vraag gevra word, word punt slegs vir die motivering toegeken as die **WAAR / ONWAAR / JA / NEE** antwoord korrek is.

AFDELING A: LEES EN KYK		PUNTE	DENK- VLAK
NR.	ANTWOORDE		
FABEL			
1.	“Die Leeu en die Vlieg” of enige titel wat by die konteks pas. ✓	(1)	2
2.	Vlieg het hom gepla. ✓	(1)	1
3.	3.1 onwaar ✓	(1)	2
	3.2 Os is baie sterker as Leeu. ✓ (indien leerder “waar” gekies het vir 3.1, word daar nie ‘n punt vir die motivering in 3.2 toegeken nie.)	(1)	2
4.	Skuim borrel by sy bek uit. / Hy rol sy oë en brul die vreeslikste brul. (enige 1) ✓	(1)	2
5.	bly (geen punt mag toegeken word as die hele sin uitgeskryf is nie, tensy die antwoord in kleur is of onderstreep word sodat dit uitstaan.) ✓	(1)	1
6.	Hy het hom opgeëet. ✓	(1)	2
7.	A. / Onthou dat gevare opduik waar ons dit die minste verwag. ✓ (Ken punt toe vir slegs die letter óf as die hele sin uitgeskryf is.)	(1)	2
8.	Enige aanvaarbare en relevante antwoord in konteks. ✓✓	(2)	3
ADVERTENSIE			
9.	R49-95 ✓	(1)	1
10.	Spur en perfek ✓ (een punt as albei woorde gegee word) (indien “perfect” gebruik word, kan punt toegeken word aangesien leerder die nodige begrip toon)	(1)	2
11.	Nee. Dit is slegs van Maandae tot Donderdae beskikbaar. Nie op Vrydae, Saterdag of Sondag nie. ✓ (Indien leerder ja gekies het, word geen punt toegeken nie - al is die motivering korrek.)	(1)	2
12.	Enige aanvaarbare en relevante antwoord in konteks. ✓✓	(2)	3

GEDIG			
13.	Die sleutel is goud. (nie goue nie) / Dit is 'n goue sleutel. (nie goud nie) ✓		(1) 1
14.	Hy / Sy wil graag hê dat alle voëls (of diere) moet vry wees. Hy / Sy hou nie daarvan dat voëls (of diere) in hokke is nie. Enige aanvaarbare en relevante antwoord in konteks. ✓		(1) 2
15.	D / alliterasie (aanvaar beide die letter of die woord) ✓		(1) 1
16.	Hy / Sy kan <u>koek</u> en <u>lekker goed</u> in die koskas kry. ✓✓		(2) 1
17.	17.1	Hy / Sy wil die skooldeur toesluit. ✓	(1) 1
	17.2	Hy / Sy hou nie van skool nie. / Hy / Sy wil nie skool toe gaan nie. (Enige aanvaarbare en relevante antwoord in konteks.) ✓	(1) 2
	17.3	Enige aanvaarbare en relevante antwoord in konteks. ✓	(1) 3
18.	Helena J. F. Lochner ✓		(1) 1
19.	dink en sink ✓ (moet albei woorde hê om punt te kry)		(1) 1
TOTAAL AFDELING A:			25

DENKVLAKKE		
Laevlak denke	Kennis en Begrip (Knowledge & Comprehension)	1
Middelvlak denke	Toepassing en Analise (Application & Analysis)	2
Hoëvlak denke	Evalueer en Ontwerp (Evaluate & Create)	3

AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES**ASSESSERINGSRIGLYNE**

1. Spelling tel.
2. Vir eenwoord antwoorde wat verkeerd gespel is, word geen punt toegeken nie.
3. Vir meervoudige-keuse vrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.
4. Indien eenwoord antwoorde vereis word en die leerder skryf 'n volsin, word die punt slegs toegeken as die korrekte woord onderstreep of in kleur geskryf is sodat dit uitstaan. Anders word geen punt toegeken nie.
5. Sinskonstruksie moet korrek wees.

AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES				
VRAAG	ANTWOORDE	ASSESSERING	PUNTE	DENK-VLAKKE
20.	webbe (korrekte spelling) ✓	Gebruik meervoude korrek.	(1)	1
21.	piepklein (korrekte spelling en een woord) ✓	Korrekte intensiewe vorm.	(1)	1
22.	Leeu is kwaad vir Vlieg, maar ✓ hy ✓ kan hom nie vang nie. (hy moet met 'n klein letter geskryf wees)	Gebruik voegwoord korrek en voeg komma by.	(2)	3
23.	leeuwylie (korrekte spelling en een woord) ✓ (punt kan toegeken word as slegs "wyfie" gegee is)	Korrekte geslagsvorm.	(1)	1
24.	Leeu skree: " G aan weg jou vieslike gogga!" Dubbelpunt (:) na skree ✓ Aanhalingstekens (") voor gaan en aan die heel einde na die uitroepteken ✓ Hoofletter G vir gaan ✓ Uitroepteken (!) aan die einde van die sin ✓	Gebruik leestekens korrek.	(4)	3
25.	neusie (korrekte spelling) ✓	Gebruik verkleinwoord korrek.	(1)	1
26.	aan ✓	Korrekte gebruik van voorsetsel.	(1)	1
27.	Gister het Vlieg die geveg gewen. ✓✓ (korrekte sinskonstruksie)	Gebruik verlede tyd korrek. (het en "ge")	(2)	2
28.	D / klein ✓ (aanvaar beide die letter en die woord)	Korrekte antoniem.	(1)	1

29.	kwaad / woedend / boos ✓ (enige ander korrekte sinoniem)		Korrekte sinoniem.	(1)	2
30.	30.1	Leeu sal homself stukkend krap. ✓ (sinskonstruksie)	Gebruik toekomstige tyd korrek. (sal + werkwoord)	(1)	2
	30.2	Leeu sal baie kwaad wees. ✓ (sinskonstruksie)		(1)	
31.	31.1	harder ✓	Gebruik trappe van vergelyking korrek.	(1)	1
	31.2	sterkste ✓		(1)	
32.	Spelling moet in ag geneem word by die toekenning van punte. Trek een punt af indien daar meer as twee spelfoute is. Die betekenis van die woord "van" moet duidelik na vore kom. Bv. Pieter se van is Marais. ✓✓		Herken en gebruik homonieme korrek.	(2)	2
33.	A / Leeu was baie kwaad. ✓ (aanvaar beide die letter en die sin)		Korrekte gebruik van idioom.	(1)	1
34.	34.1	leier ✓	Herken en onderskei homofone.	(1)	1
	34.2	harde ✓	Korrekte gebruik van byvoeglike naamwoord.	(1)	1
35.	35.1	Vlieg pla nie vir Leeu nie. ✓ (ken slegs punt toe as die dubbele ontkenning korrek gebruik word)	Gebruik ontkenkende vorm korrek.	(1)	2
	35.2	Leeu moenie vir Vlieg vang nie. ✓ (ken slegs punt toe as "moenie" korrek gespel is, op die regte plek is en "nie" aan die einde van die sin is)		(1)	
36.	36.1	Die spinnekop ✓	Herkenning van onderwerp, voorwerp en gesegde.	(1)	2
	36.2	arme Vlieg of Vlieg ✓		(1)	
	36.3	eet ✓		(1)	
37.	Vreeslik		Herkenning van bywoord.	(1)	1
TOTAAL AFDELING B (30 ÷ 2):				15	
GROOTTOTAAL:				40	

DENKVLAKKE		
Laevlak denke	Kennis en Begrip (Knowledge & Comprehension)	1
Middelvlak denke	Toepassing en Analise (Application & Analysis)	2
Hoëvlak denke	Evalueer en Ontwerp (Evaluate & Create)	3